higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID (IKT-KOMPONENT)

NKR VLAK 2

(Tweede vraestel)

1 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

Doen die volgende om nasien en moderering te vergemaklik:

1. Nasieners moet die vraestel uitwerk voordat die nasienriglyn bespreek word.

2. **Akkuraatheid** word negatief met 'n rooi pen nagesien (/).

   Manipulasie word met 'n blou pen (X of ✓) nagesien en die manipulasienommer word langs elke regmerkie (✓) of kruisie (X) geskryf, bv., 1✓/ 1X

   Om te verseker dat kandidate vir goeie werk beloon word, verloor die kandidaat slegs 3 punte vir akkuraatheid indien 3 punte vir akkuraatheid toegeken is, al het die kandidaat 5 foute gemaak, en word steeds vir manipulasie wat korrek gedoen is, beloon.

3. Akkuraatheidsfoute sluit spelfoute/insleutelfoute, weglatings en herhalings in. Bokas, onderkas en reël- en letterspasiëring word as manipulasiefoute nagesien.

4. Om met die nasienproses te help, word aanbeveel dat 'n transparantpatroonplaat aan die begin van die memorandumbespreking met die verdeling van die punte vir elke vraag gemaak word. Alle merke op die DRUKSTUK (regmerkies en kruisies) moet in dieselfde posisie as wat op die nasienpatroonplaat aangedui is, gemaak word.

5. Die volgende tabelformaat kan gebruik word om die punte wat vir elke vraag behaal is op die DRUKSTUK aan te dui. (NB: getalle in die tabel is slegs ter illustrasie):

	A	M	T
Skryf die totale moontlik punt in hierdie reël	9	12	21
Skryf die foute wat die kandidaat gemaak het in hierdie reël	1	2	3
Skryf die punte wat die kandidaat behaal het in hierdie reël	8	10	1

6. Die kandidaat se totale punt word op die voorblad van die EKSAMENOMSLAG langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER geskryf.

7. Indien 'n kandidaat 'n DRUKSTUK ingedien het, maar 0 (nul) vir die vraag behaal het, word 0 (nul) op die omslag langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER geskryf.

8. Indien 'n kandidaat nie 'n DRUKSTUK ingedien het nie, word 'n streep deur die blok langs die ooreenstemmende VRAAGNOMMER getrek.

9. Indien 'n kandidaat duplikaat DRUKSTUKKE ingelewer het, word 'n streep deur die duplikaat DRUKSTUK getrek en die woord, 'DUPLIKAAT', dwars daaroor geskryf.

10. Alle DRUKSTUKKE moet 'n gedrukte VRAAGNOMMER, EKSAMENNOMMER en 'n konsekwente WATERMERK toon. Indien 'n kandidaat 'n DRUKSTUK sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER en/of 'n KONSEKWENTE WATERMERK ingedien het, moet die antwoord nagesien en as 'n onreëlmatigheid verklaar word.

Kopiereg voorbehou

11. Alle onreëlmatighede word nagesien en die punte na die voorblad van die OMSLAG oorgedra. Die kode "IRR" of die woord "ONREËLMATIGHEID" word langs die persentasie geskryf en 'n onreëlmatigheidsverslag word voltooi.

12. Sien SLEGS na wat in die nasienriglyn aangedui word en MOENIE studente vir outomatiese formate of style wat gebruik is (bv. in MS Office 2007), penaliseer nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**5**
MANIPULASIE	**15**
TOTAAL	**20**

VRAAGNR.	PUNTE	AKKURAATHEID
1.1	✓✓✓✓✓	Penaliseer vir alle insleutelfoute soos spelling, weglating en herhaling van teks. Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van VYF punte in die dokument af. LET WEL: MOENIE foute twee keer penaliseer nie, maar omkring dit eerder. Moet ook NIE vir bokas, onderkas, reël- en letterspasiëring as akkuraatheid penaliseer nie.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
1.2	1	✓	Voetskrif: Ingevoeg
	2	✓	Voetskrif: EKSAMENNOMMER, linksbelyn
	3	✓	Voetskrif: VRAAG 1, sentreer
1.3	4	✓	Lettertipe: Times New Roman
	5	✓	Lettergrootte: 12
1.4	6	✓	Opskrif: Bokas
	7	✓	Opskrif: Vetdruk
	8	✓	Opskrif: Dubbele onderstreping
1.5	9	✓	TWEE reëls oop na die opskrif
1.6	10	✓	Tweede paragraaf: Kursief
	11	✓	Tweede paragraaf: Regsbelyn
1.1	12	✓	Reël- en letterspasiëring konsekwent
	13	✓	Bokas en onderkas konsekwent
1.7	14	✓	Bladsy-oriëntasie: Portret
1.9	15	✓	Dokument of EEN A4-bladsy gedruk

Kopiereg voorbehou

4. Lettertipe: Times New Roman✓ **5. Lettergrootte: 12✓**

6. Hoofopskrif: B/K✓ **7. Hoofopskrif: Vetdruk✓**

8. Hoofopskrif: Dubbele onderstreping✓

DIE MENSLIKE BREIN

9. Laat twee reëls oop✓

Die menslike brein is die belangrikste orgaan in die senuweestelsel. Dit is in 'n mens se kop en word in die skedel beskerm.

Die brein ontvang seine van die buitewêreld en stuur boodskappe na die verskillende dele van die liggaam sodat dit dienooreenkomstig reageer.

Het jy al ooit gewonder waarom ons asemhaal sonder dat ons dit besef? Waarom ons die pad skool toe onthou sonder om daaraan te dink? Waarom ons oë knip sonder dat ons daaraan dink? Waar kom drome vandaan? Ons brein is in beheer van die koördinering van alle noodsaaklike funksies van ons liggaam en maak sin van alles wat rondom ons gebeur.

EKSAMENNOMMER VRAAG 1

1. Voetskrif ingevoeg✓

2. Voetskrif: Eksamennommer, Linklsbelyn✓

3. Voetskrif: VRAAG 1, Sentreer✓

10. 2de Paragraaf: Kursief✓

11. 2de Paragraaf: Regsbelyn✓

12. Reël- en letterspasiëring

13. Bokas en onderkas konsekwent✓

14. Bladsy-oriëntasie: Portret✓

15. Gedruk: EEN A4-bladsy✓

A	M	T
5	15	20

[20]

VRAAG 2

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	**5**
MANIPULASIE	**15**
TOTAAL	**20**

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
2.6	✓✓✓✓✓	Penaliseer vir alle insleutelfoute soos spelling, weglating en herhaling van teks SLEGS in nuwe teks wat ingevoeg is. Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van VYF punte in die dokument af. LET WEL: MOENIE foute twee keer penaliseer nie, maar omkring dit eerder. Moet ook NIE vir bokas, onderkas, reël- en letterspasiëring as akkuraatheid penaliseer nie.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
2.1	1	✓	Voetskrif: VRAAG 1 na VRAAG 2 verander
2.2	2	✓	Hoofopskrif: Lettertipe Broadway
	3	✓	Hoofopskrif: Lettergrootte 18
2.3	4	✓	Hoofopskrif: Gesentreer
2.4	5	✓	Paragraaf 2: Na paragraaf 3 geskuif
2.5	6	✓	Paragraaf 3: Teks ingekleur (Grys 25%) NB: MOENIE penaliseer indien verskillende grys gebruik is nie, solank die teks sigbaar is.
2.7	7	✓	Nuwe teks: Genommerde lys ingevoeg (aanvaar enige belyning).
	8	✓	Nuwe teks: Kolpunte ingevoeg (aanvaar enige belyning en enige styl).
2.8	9	✓	Subopskrif: Bokas
	10	✓	Subopskrif: Vetdruk
	11	✓	Subopskrif: Onderstreep
2.6	12	✓	Reël- en letterspasiëring (SLEGS nuwe teks)
	13	✓	Bokas en onderkas (SLEGS nuwe teks)
2.9	14	✓	Bladsy-oriëntasie: Portret
2.11	15	✓	Gedruk: EEN A4-bladsy

Hoofopskrif: 2. Lettertipe Broadway✓ 3. Lettergrootte 18✓ 4. Sentreer✓

DIE MENSLIKE BREIN

Die menslike brein is die belangrikste orgaan in die senuweestelsel. Dit is in 'n mens se kop en word in die skedel beskerm.

Het jy al ooit gewonder waarom ons asemhaal sonder dat ons dit besef? Waarom ons die pad skool toe onthou sonder om daaraan te dink? Waarom ons oë knip sonder dat ons daaraan dink? Waar kom drome vandaan? Ons brein is in beheer van die koördinering van alle noodsaaklike funksies van ons liggaam en maak sin van alles wat rondom ons gebeur.

Die brein ontvang seine van die buitewêreld en stuur boodskappe na die verskillende dele van die liggaam sodat dit dienooreenkomstig reageer.

5. Paragraaf 2: Na paragraaf 3 geskuif✓
6. Paragraaf 3: Teks ingekleur (Grys 25%)✓

DIE MENSLIKE BREIN WORD IN DRIE DELE VERDEEL:

1. Serebellum
   - ❖ Beheer balans, beweging en koördinasie.
2. Serebrum of korteks
   - ❖ Dit is die denkende deel van die brein.
   - ❖ Dit beheer 'n mens se willekeurige spiere en help ons om te redeneer.
3. Breinstam
   - ❖ Dit is die brein se beheersentrum.
   - ❖ Sorteer die miljoene boodskappe wat die brein en die res van die liggaam heen en weer stuur.

7. Nuwe teks: Genommerde lys ingevoeg✓

8. Nuwe teks ingevoeg; Kolpunte ingevoeg✓

Subopskrif: 9 B/K✓ 10. Vetdruk✓ 11. Onderstreep✓

12. Reël- en letterspasiëring (SLEGS nuwe teks)✓

13. Bokas en onderkas (SLEGS nuwe teks)✓

14. Bladsy-oriëntasie: Portret✓

15. Gedruk: EEN A4-bladsy✓

1. VOETSKRIF: Na VRAAG 2 verander✓

A	M	T
5	15	20

EKSAMENNOMMER VRAAG 2

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: SIGBLAAIE

VRAAG 3

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	6
MANIPULASIE	9
TOTAAL	15

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
3.1	✓✓✓✓✓✓	Penaliseer vir alle insleutelfoute. Akkuraatheidsfoute sluit spelfoute, weglatings en herhalings van teks in. Trek EEN punt per fout tot 'n maksimum van SES punte in die dokument af. Moenie vir herhaalde foute penaliseer nie. Moenie punte vir bokas, onderkas, woord- en letterspasiëring as akkuraatheid penaliseer nie.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
3.2	1	✓	EKSAMENNOMMER: In ry 1 ingesleutel
	2	✓	VRAAG 3: In ry 2 ingesleutel
	3	✓	VRAAG 3: Bokas
3.3	4	✓	Lettertipe: Eras Medium ITC
	5	✓	Lettergrootte: 12
3.4	6	✓	Kolombreedte korrek aangepas en ALLE inligting is duidelik sigbaar.
	7	✓	Bladsy-oriëntasie: Portret
3.6	8	✓	Gedruk: EEN A4-bladsy
	9	✓	Gedruk: SONDER ry- en kolomopskrifte

Kopiereg voorbehou

1. Eksamennommer: In ry 1 ingesleutel✓

2. VRAAG 3: In ry 2 ingesleutel✓

3. VRAAG 3: Bokas✓

EKSAMENNOMMER
VRAAG 3

ONTLEDING VAN DATA OOR MIDDELMISBRUIK

Provinsies	Distrik	Aantal Mans	Aantal Vrouens	Onbekende Gender	
Oos-Kaap	Chris Hani	36	60		
	Buffalo	56	44		
	O.R. Tambo	34	66		
Gauteng	Sedibeng	581	609		
	Ekurhuleni	377	575		1281
	Wes-Rand	201	179		
	Noord-Rand	741	1202		

4. Lettertipe: Eras Medium ITC✓

5. Lettergrootte: 12✓

6. Kolomwydte aangepas✓

7. Bladsy-oriëntasie: Portret✓

8. Gedruk: EEN A4-bladsy✓

9. SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk✓

A	M	T
6	9	15

[15]

VRAAG 4

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	2
MANIPULASIE	23
TOTAAL	25

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
4.6 en 4.7	✓✓	Penaliseer vir alle insleutelfoute SLEGS In die nuwe teks (spelling, weglating en herhaling van teks). Trek EEN punt per fout tot 'n MAKSIMUM van TWEE punte in die dokument af.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
4.1	1	✓	VRAAG 3 na VRAAG 4 verander
4.2	2	✓	Hoofopskrif: Lettergrootte 16
	3	✓	Hoofopskrif: Onderstreep
4.3	4	✓	'Onbekende Gender'-kolom: geskrap
4.4	5	✓	Hoofopskrif: Korrek saamgevoeg en oor selle A4 tot E4 gesentreer
4.5	6	✓	'Distrik'-kolom: Teks regsbelyn
4.6	7	✓	Nuwe ry ingevoeg (Limpopo met ooreenstemmende inligting ingevoeg)
4.7	8	✓	Nuwe ry ingevoeg: GROOTTOTAAL
	9	✓	Nuwe ry ingevoeg: GEMIDDELD
	10	✓	Nuwe kolom ingevoeg: Totale Gender
4.8	11	✓	Kolomopskrifte: Vetdruk
	12	✓	Kolomopskrifte: Kursief
4.9	13	✓	A: Totale Gender korrek bereken
	14	✓	B: GROOTTOTAAL: 'Aantal mans' korrek bereken
	15	✓	B: GROOTTOTAAL: 'Aantal Vrouens' korrek bereken
	16	✓	B: GROOTTOTAAL: 'Totale Gender' korrek bereken
	17	✓	C: GEMIDDELD korrek bereken
4.10	18	✓	Alle syfers as heelgetalle sonder desimale plekke vertoon

4.11	19	✓	Horisontale en vertikale strepe korrek ingevoeg
4.12	20	✓	Kolombreedte korrek aangepas en alle inligting is duidelik sigbaar.
	21	✓	Bladsy-oriëntasie: Landskap
4.14	22	✓	Gedruk: EEN A4-bladsy
	23	✓	Gedruk: SONDER ry- en kolomopskrifte

1. VRAAG 3 na VRAAG 4 verander✓

4. 'Onbekende Gender'-kolom geskrap✓

Hoofopskrif: 2. Lettergrootte 16✓ 3. Onderstreep✓

5. Hoofopskrif: Saamgevoeg en oor sel A4:E4 gesentreer✓

6. 'Distrik'-kolom: Teks regsbelyn✓

7. Nuwe ry ingevoeg: 'Limpopo' met ooreenstemmende inligting✓

8. Nuwe ry ingevoeg: GROOTTOTAAL✓

9. Nuwe ry ingevoeg: GEMIDDELD✓

10. Nuwe kolom ingevoeg: Totale Gender✓

Kolomopskrifte: 11. Vetdruk✓ 12. Kursief✓

13. A: Totale Gender korrek bereken✓

14. B: GROOTTOTAAL: 'Aantal Mans' korrek bereken✓

15. B: GROOTTOTAAL: 'Aantal Vrouens' korrek bereken✓

16. B: GROOTTOTAAL: 'Totale Gender' korrek bereken✓

EKSAMENNOMMER
VRAAG 4

ONTLEDING VAN DATA OOR MIDDELMISBRUIK

Provinsies	*Distrik*	*Aantal Mans*	*Aantal Vrouens*	*Totale Gender*
Oos-Kaap	Chris Hani	36	60	96
	Buffalo	56	44	100
	O.R. Tambo	34	66	100
Gauteng	Sedibeng	581	609	1190
	Ekurhuleni	377	575	952
	Wes-Rand	201	179	380
	Noord-Rand	741	1202	1943
Limpopo	Vembe	185	325	510
GROOTTOTAAL		2211	3060	5271
GEMIDDELD		276		

17. C: GEMIDDELD korrek bereken ✓

18. Alle syfers as heelgetalle vertoon, SONDER desimale plekke✓

19. Horisontale en vertikale strepe korrek ingevoeg✓

20. Kolombreedte korrek aangepas✓

21. Bladsy-oriëntasie: Landskap✓

22. Gedruk: EEN A4-bladsy✓

23. SONDER ry- en kolomopskrifte gedruk✓

A	M	T
2	23	25

[25]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: POWERPOINT

VRAAG 5

PUNTETOEKENNING

AKKURAATHEID	4
MANIPULASIE	16
TOTAAL	20

VRAAG-NOMMER	PUNTE	AKKURAATHEID
5.1	✓✓✓✓	Penaliseer vir alle insleutelfoute soos spelling, weglating en herhaling van teks. Trek EEN punt per fout tot 'n maksimum van VIER punte in die dokument af. Let wel: Indien die kandidaat die uitleg van die skyfie ingesleutel het, bv., 'SKYFIE 1: SLEGS TITEL' of die instruksies, trek EEN punt in die TOTAAL vir akkuraatheid af.

VRAAG-NOMMER	NOMMERING	PUNTE	MANIPULASIE
5.2	1	✓	TITELSKYFIE ingevoeg
5.2.1	2	✓	Titel: Lettertipe: ALGERIAN
	3	✓	Titel: Lettergrootte: 60
5.2.2	4	✓	Subtitel: Kursief
5.3	5	✓	TWEE-INHOUDSKYFIE ingevoeg
5.3.1	6	✓	Titel: Regsbelyn
5.3.2	7	✓	Linkerkolom: Genommerde lys ingevoeg
	8	✓	Linkerkolom: Vetdruk
5.3.3	9	✓	Regterkolom: Kolpunte ingevoeg (aanvaar enige kolpuntstyl)
	10	✓	Regterkolom: Kursief
5.4	11	✓	SLEGS-TITELSKYFIE ingevoeg
5.4.1	12	✓	Titel: Onderstreep
5.1	13	✓	Bokas en onderkas konsekwent
	14	✓	Reël- en letterspasiëring konsekwent
5.6	15	✓	As UITDEELSTUK gedruk (al DRIE skyfies op EEN bladsy)
	16	✓	Bladsy-oriëntasie: Portret

[20]

DIE ANATOMIE VAN DIE MENSLIKE BREIN

EKSAMENNOMMER

VRAAG 5

1. TITELSKYFIE ingevoeg✓

2. Titel: Lettertipe: ALGERIAN✓

3. Titel: Lettergrootte: 60✓

4. Subtitels: Kursief✓

ELKE HEMISFEER VAN DIE BREIN (LINKS EN REGS) BEVAT VIER LOBBE:

1. **Frontale lob**
   - *Dit beheer ons vermoë om te redeneer, besluite te neem, inligting te organiseer en beheer motoriese funksies.*
2. **Pariëtale lob**
   - *Dit is betrokke by visuele aandag en word geassosieer met die verwerking van gevoelsinligting soos druk, aanraking en pyn.*
3. **Oksipitale lob**
   - *Dit beheer visie en interpreteer visuele stimuli en inligting.*
4. **Temporale lob**
   - *Dit beheer gehoor en hou verband met reuk, smaak en korttermyngeheue. Dit is ook belangrik vir die interpretasie van klanke en die taal wat ons hoor.*

5. TWEE-INHOUDSKYFIE ingevoeg✓

6. Titel: Regsbelyn✓

Linkerkolom:
7. Genommerde lys ingevoeg ✓
8. Vetdruk✓

Regterkolom:
9. Kolpunte ingevoeg (aanvaar enige kolpuntstyl)✓
10. Kursief✓

Is Daar 'n Verband Tussen Die Brein en Die Liggaam, of Werk Ons Brein Alleen?

A	M	T
4	16	20

11. SLEGS-TITELSKYFIE ingevoeg✓

12. Titel: Onderstreep✓

13. B/K en O/K konsekwent✓

14. Reël- en letterspasiëring konsekwent✓

15. UITDEELSTUK gedruk (3 skyfies op EEN bladsy)✓

16. Bladsy-oriëntasie: Portret✓

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou